



Die Hurwitz-boerdery het een van die grootste Borankuddes in die land en bedryf onder meer sy eie voerkraal. Die koste, tyd en arbeid verbonde aan die maak van kuilvoer is vir dié onderneeming die rede waarom hy nou die Budissa Bag-en Shredlage®-tegnologie gebruik. FOTO'S: LIZA BOHLMANN

Kenners gee geheime van kuilvoermaak

Die veilingslokaal by die Hurwitz-boerdery was vroeg in Februarie stampvol boere en diensverskaffers aan die landbou wat meer wou weet oor nuwe kuilvoertegnologie vir intensiewe veeboerdery.

Met talle van die land se topboere in die gehoor was dit duidelik dat die inligting op dié kuilvoertegnologiesdag by die Hurwitz-boerdery naby Davel in Mpumalanga 'n nuwe dimensie aan die inkuilingsproses sou bring.

Die sprekers en inhoud van hul voorleggings het ook nie teurgestel nie.

Die gashere van die dag en boere-broers, mnre. Simeon en

Jarren Hurwitz, bied die afgelope paar jaar 'n kuilvoertegnologiesdag aan en het vanjaar besluit om die aanbieding uit te brei.

Drie internasionale kenners en een van die land se voorste onafhanklike kuilvoerkonsultante is na die verhoog genooi.

WORSMASJIE

Intensiewe veeboerdery, soos voerkrale en melkplase, moet deurlopend na hul voervloei omsien. Dié plase kan nie bekostig om sonder voer te gaan staan nie

en 'n kuilvoer-“worsmasjien” is ideaal om elke dag genoeg voer van topgehalte te lewer.

Mnr. Ulrich Krebs van Duitsland, uitvoerende verkoopsbestuurder van Budissa Bag, het die gesprek gelei oor plastiektegnologie en silosakke vir kuilvoer.

Green Star-kontrakteurs is deel van die Hurwitz-boerdery en hy maak deesdae nie net vir die boerdery se eie Borankudde kuilvoer nie, maar ook op kontrak vir ander boere.

Die konsep is soortgelyk aan 'n worsmasjien. Die duursame plastiek laat geen lug deur nie en is sterk genoeg om in die warm son en op die grond sy inhoud perfek te beskerm. Dié lang plastieksak kan bykans enige tipe nat of droë graan en voer hou, sonder vrees dat die sak maklik sal lek of skeur.

“Die Budissa Bag-tegnologie pas perfek in by dit wat ons doen. Dit is só doeltreffend dat dit sin gemaak het om dié produk deel te maak van ons besigheid en om ons bedrywigheid uit te brei as kontrakteurs. Die belegging in die spesiale masjinerie en werktuie wat nodig is om die plastieksak met kuilvoer te vul, was vir ons die moeite werd. Ons bespreek graag die voordele van



Varsgesnyde kuilvoer uit die Claas Jaguar 960 met sy Shredlage®-snertyoerusting het besoekers aan die Hurwitz-boerdery se kuilvoertegnologiesdag beïndruk.

hierdie manier van inkuiling met ander boere wat ook hierdie tegnologie wil inspan,” het Simeon tydens een van die demonstrasies aan *Landbouweekblad* gesê oor hul kuilvoerkontrakteurswerk.

Silosakke, soos die Budissa Bag, is nie heeltemal 'n nuwigheid vir boere nie, maar die manier waarop dit vir inkuiling gebruik word, is beslis nog nie standaardpraktyk nie.

Jarren het dié manier van inkuiling self in Duitsland gaan navors en was beïndruk deur ▶



LINKS BO: Veral melkboere, beesboere, voerkraalbestuurders en kuilvoerkontraakteurs het die inligtingsdag by The Bull Ring van die Hurwitz-boerdery buite Davel in Mpumalanga bygewoon het.

BO: Die Claas Jaguar 960-kuilvoersnyer en die Claas Arion 650 van Green Star-kontraakteurs is aan die besoekers gedemonstreer.

LINKS: Die veeldoelige opbergvermoë van Budissa Bag-silosakke is gedemonstreer. Hier is opgebergde brouersgraan, met 'n oopgesnyde venster om te wys hoe dié voerbron binne die sak lyk.

◀ die besparings wat met die stelsel moontlik is. Hul sukses op eie bodem is só goed dat die Hurwitz-boerdery nou ook 'n agent vir Budissa Bag Africa is.

“Ek glo hierdie kuilvoerplastiektonnels is waar die toekoms lê vir die maak van kuilvoer.

“Die ander stukkie tegnologie wat ek glo in die toekoms meer prominent gaan word, is

Shredlage®-verwerking. Op hierdie tegnologiedag wys ons hoe Claas se kuilvoerkerwers hierdie gepatenteerde tegnologie inspan om nie net die kuilvoergewas te sny nie, maar te skeur en die pitte te breek en kneus.

Dié tegnologie sorg later vir die beter inname van voer en die opname voedingstowwe,” sê Jarren.

SHREDLAGE®

Mnr. Jörg Wesselmann, produkbestuurder van Claas se voersnyers en Shredlage®-toerusting, het die gehoor meer vertel oor die meganiese werking van die toerusting en ook watter voordele dit vir herkouers, soos melkbeeste, inhou.

“Melkproduksie neem toe omdat koeie meer vreet en die

produk boonop beter in die rumen verteer. Dit lei weer tot beter algemene gesondheid van hoëproduksiediere, soos melkbeeste. Omdat die werking van die Shredlage®-toerusting die kuilvoergewas met sy skeur- en kneusaksie op 'n beter manier afbreek, is vertering makliker en word voedingstowwe makliker uit die voer opgeneem,” sê hy.

Navorsing deur die Universiteit van Wisconsin in Amerika ondersteun wat Jörg sê. “Die navorsing dui daarop dat kuilvoer wat met die Shredlage®-metode gemaak is, 'n bykomende liter melk per koei per dag kan moontlik maak.”

Die navorsing is gedoen deur twee groepe van 56 koeie elk se melkproduksie met mekaar te vergelyk. Die een groep is gewone kuilvoer (19 mm snylengte) wat op tradisionele manier gesny is, gevoer, en die ander het die Shredlage®-produk (30 mm snylengte) ontvang.

Ná agt weke was die Shredlage®-groep se voerinname per koei 0,6 kg méér. Die melkproduksie per koei was een liter per dag beter as die ander groep s'n en sommige koeie se produksie was twee liter meer as die gemiddelde van die groep wat “gewone kuilvoer” gevoer is.

MAAK SOMME

Mnr. David Lewis van Australië, tegniese dienstebestuurder van Lallemand, het die voordele van goeie kuilvoerbestuur bespreek.

“Ja, dit kos geld om te belê in nuwe tegnologie, soos Shred-

Trotse Vervaardiger van:
CHEMVET HINGE-JOINT

Hoekom Chemvet Hinge-Joint?

- Vinnige & maklike oprigting.
- Volversinkte draad verleng lewensduur.
- Pasmaak volgens u behoefte.
- Rolle kompakt vir maklike vervoer.
- Kan geëlektrifiseer word.
- Voldoende voorraad asook spoedige aflewering.

Topverkopers in Hinge-Joint reeks:

- Roofdier
- Vee
- Kombinasie
- Uitblok
- Wildwering

100m Rolle



www.chemvet.co.za
Tel: 011-437-9000

lage®-toerusting,” het hy gesê. “Maar die voordele vir jou kudde se gesondheid, produksie én eendelike besparing op vermorsing weens bederf sal jou somme laat klop. Jy moet wel seker maak dat die tegnologie op jou plaas sal werk. Neem daarom jou toestand en tipe kuilvoergewas in ag wanneer jy daarvoor besluit.”

Mnr. Richardt Venter van AgSci, ’n plaaslike kuilvoerkenners en onafhanklike konsultant, het gesê nuwe metodes, soos Shredlage® en die Budissa Bag-silosakke, hou die minder opsigtelike voordele in vir inkuilingstelsels.

“Wanneer jy silosakke gebruik, is dit nie meer nodig om verskeie trekkers te gebruik om die kuilvoer vas te trap nie. Hierdie toerusting kan dus vir ander plaaswerk gebruik word en jou uitgawes aan arbeid, onderhoud en brandstof is minder.”

Die kans op besmetting deur grond, modder of mis wat van



Mnr. Jörg Wesselmann, produkbestuurder van Claas se voersnyers en Shredlage®-toerusting, verduidelik hoe die meganika inmeekaarsteek.

die trekkerbande op die kuilvoerhoop beland, is uitgeskakel.

“Omdat die varsgesnyde kuilvoer baie gou in die sak gestop word en daar nie ’n lang tyd tussen sny en inkuiling verloop nie, is die blootstelling aan suurstof en skadelike organismes minder. Die kans op bederf en die gevolglike oorverhitting, is dus minimaal en verliese word beperk. Minder verhitting en bederf beteken minder verlies aan energie, droëmateriaal en organiese materiaal in die kuilvoer,” het Richardt gesê.



BO: Boere het van naby en ver gekom om die dag by te woon. Van links is die melkboere mnr. Neels Neethling (Rayton), AJ en Joubert Fourie (Louis Trichardt).

REGS: Verteenwoordigers van Vitam International het ook die dag bygewoon. Van links is mnr. Wimpie Lambrecht, Thinus Gouws en Renier Zietsman.



dieiselbesparing van 98% tydens die inkuilingsproses.

“Met die nuwe metode het ons ook op ’n klomp ander dinge begin bespaar. Ons gebruik nie meer sout, los buitebande vir die vaspak van kuilvoerplastiek of bykomende plastieklae nie. Die arbeid tydens inkuiling is nou ook verminder. Waar ons voorheen vyf tot tien mense nodig gehad het, gebruik ons nou een of twee arbeiders.” **LBW**

➤ NAVRAE: Webwerf: www.bhfarming.co.za; e-pos: info@bhfarming.co.za; Jarren Hurwitz, sel **082 412 3393**; Simeon Hurwitz, sel **082 415 5448**; Richardt Venter, e-pos: richardt@agsci.co.za, sel **083 590 3014**.

WONDERLIKE WEIDINGBEDEKKING!

**SCHULTE
SWAILEMSNYER**

Area Bestuurder - Shannon Michelle: +27 (0) 76 687 1339
 Adres: 30 3de Straat, Babelegi, Temba
 Noord Wes, Suid Afrika, 0407
 Tel: +27 (0) 12 719 9062/3
 E-pos: sales@radium.co.za

www.radium.co.za